# **KINDERKERK LES: Die Bybel is – Die Swaard van die Waarheid**

**Doel van les:**

- Vyfde les in ons reeks oor die Bybel. Kinders gaan in hierdie les leer dat die Bybel God se Woord is, en dat ons nodig het om die Bybel te lees omdat dit ons die waarheid leer.

**Ysbreker: Maak 'n swaard: Sê:** Wanneer ons ons hartjies vir Jesus gee, word ons 'n soldaat in Jesus se weermag. Ons kry 'n baie spesiale wapen. Dis 'n swaard. Ons gaan nou gou elkeen 'n swaard maak wat ons later gaan gebruik. Gee vir elke kind twee leë handdoekpapierrolle, kleeflint en kokis. Die leiers moet die kinders help om die twee handdoekpapierrolle aanmekaar vas te maak om 'n lang "swaard" te maak. Dan kan hulle hul swaard versier.

Laat hulle die swaarde eenkant sit.

- Vra 2 vrywilligers om 'n swaardgeveg te kom hou.
- Wat hulle nie weet nie is dat net een swaard 'n lem het, die ander 'swaard' het net 'n handvatsel.
- Natuurlik gaan die een met die swaard wat 'n lem het wen en die ander een nie, die ander een kan inteendeel glad nie eers veg nie, want daar is geen lem nie.

## **PROCESS DIE ILLUSTRASIE**:

- Waarvoor word 'n swaard gebruik? (om mee te veg)
- Waarvoor kan jy 'n swaard sonder 'n lem gebruik? (niks, dis nutteloos)

Het julle al ooit gehoor hoe iemand die Bybel as die Swaard noem? Dit kan dalk klink na 'n snaakse ding om te sê, want 'n swaard is skerp en word dan gebruik om mee te baklei. 'n Swaard en die Bybel lyk mos glad nie na mekaar nie. Wel die Bybel is ook skerp, want dis mos God se woorde en die Bybel word gebruik om geestelik te baklei in 'n geestelike oorlog teen die duiwel en sy weermag. Vandag wil ek julle juis vertel hoe Jesus die Bybel as swaard gebruik het.

**Bybelstorie: Die duiwel versoek Jesus**

Jesus loop die woestyn in. Hy bid vir veertig dae en veertig nagte tot God. Hy eet nie 'n krummel kos nie en drink nie 'n druppel water nie. Na veertig dae is Hy baie honger. Die duiwel kom toe na Hom toe. "As U regtig die Seun van God is," sê hy, "verander hierdie klippe in brood." Jesus sê: "Daar staan geskryf: 'Die mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat van God kom."

Die duiwel vat Jesus toe na die heilige stad. Hy laat Hom op die tempel se dak staan. "Hier is ons," sê hy. "As U regtig die Seun van God is, spring dan af. Staan daar nie geskryf dat die engele uit die hemel sal kom om U te red nie?" Die duiwel lag, maar Jesus ignoreer hom en sê: "Daar staan ook geskryf: Moenie die Here toets nie."

Die duiwel vat Jesus toe na 'n hoë berg en wys Hom die hele koninkryk. Paleise van goud en silver. Skatkamers gevul met juwele. Die duiwel sê skelm: "Al hierdie dinge kan U sin wees as U neerbuig en my aanbid!" Jesus sê: "Gaan weg, Satan! Daar staan geskryf: 'Aanbid die Here jou God en dien net Hom." Die duiwel vlug en die engele kom uit die hemel om vir Jesus te sorg.

Verhaal geneem uit: My prentjie Bybelstorieboek, Christian Art, bl170-172

Maatjies, elke keer wat Jesus vir satan gesê het: 'daar staan geskryf' het Hy woorde uit die Bybel gebruik. Dis wat ons bedoel met ons Bybel as swaard gebruik. Daardie woorde het die satan van Jesus af laat wegvlug, want satan kan nie teen God se woord baklei en wen nie.

Ons gaan nou so bietjie met ons swaarde baklei.

**Aktiwiteit:** Deel groot groep in vier kleiner groepies op. Deel ook die klaskamer in twee met masking tape. Daar is dan nou twee oorlogsvelde.

Die eerste twee spanne kan met hulle swaarde plekke inneem oorkant mekaar.

Maak balletjies van opgefrommelde koerantpapier. Vra vir kinders om sondes en leuens wat satan ons vertel uit te roep bv. vloek, jok, steel, Jesus het jou nie lief nie, ens. Gooi die balletjies aan albei kante van die masking tape lyn sodat albei spanne gelyke aantal balletjies in hulle oorlogsveld het.

Die reëls van die speletjie is soos volg:

- Jy moet die sonde balletjies van jou kant oor kry na die ander span se kant met jou swaard.
- Jy moet wag totdat tannie roep "gaan" voordat jy die balletjies begin slaan.
- Jy moet aan jou kant van die lyn bly.
- Slegs die balletjies moet geslaan word, ons slaan nie aan maatjies nie.
- Wanneer die tannie "stop" roep, moet jy dadelik vries.

Gee eerste twee spanne kans om te speel. Nadat jy stop geroep het, kan jy tel hoeveel balle aan albei kante is. Daarna kan die volgende twee spanne die speletjie speel.

Sonde is oral rondom ons en die duiwel kom met allerhande planne om ons van Jesus af weg te kry. Net soos Jesus, moet ons ons swaard, die Bybel, ken en gebruik om die satan en sonde van ons af weg te jaag. Maar onthou, ons mag nooit dat ons swaard stomp raak nie. Hoe dink julle word ons swaard stomp? Wanneer ons nie ons Bybels lees en dit leer ken nie. Gaan julle sorg dat julle swaarde skerp bly? **Sluit af met gebed in groepe**.